
# Die Krag van Vergifnis



EJ Waggoner

## Inleiding

Hierdie woorde, soos neergepen deur E.J.Waggoner in 1894, bevat ‘n kragtige beginsel. Dit moet mooi deurgedink word, want dit spreek tot ons oor die gedagtes van God, wat nie natuurlik vir ons is nie, want in ons natuur is ons gedagtes nie soos God se gedagtes nie. Jesaja 55:8-9.

Die menslike idee van vergifnis is dat wanneer iemand die wet van goedheid teenoor jou oortree en jou (of jou geliefdes) nie korrek behandel nie, is daar ‘n sterk begeerte tot geregtigheid wat homself openbaar in een of ander straf op die oortreder. Die een wat te na gekom is, verander sy gesindheid teenoor die oortreder. In hierdie konteks word vergifnis die verwydering van kwade en bitter gevoelens teenoor die oortreder. Die storie van die oortreding word in die agtergrond geskuif, maar nie vergeet nie, vir ingeval die persoon in die toekoms weer oortree. Die lewe gaan normaalweg voort en die oortreding word vergeet, solank as wat die persoon nie weer oortree nie. Die rekord van die sonde is nie heeltemal uitgewis nie, sodat ons beskerm word van toekomstige ootredings.

God se vergifnis is totaal anders. Hy verander nie in Sy liefde vir ons wanneer ons oortree nie. Wanneer God vergewe en ons glo dit, bring dit verandering by ons. Daar is lewe in die vergewende Woord van God. Wanneer God vergewe, bring geloof in daardie vergifnis nuwe lewe in die siel wat verhoed dat die sondaar weer in sonde val.

Om ware vergifnis te kan verstaan, is dit uiters belangrik om te verstaan hoe ons sonde kan oorwin. Dit is baie belangrik om die oordeel van God te verstaan, want ons lees in die Skrif, die liefde is geduldig en vriendelik, die liefde is nie jaloers, praat nie groot nie en is nie opgeblase nie. Dit tree nie onwaardig op nie, stel nie sy eie belange voorop nie, is nie kort van draad nie, hou nie boek van die kwaad wat hom aangedoen is nie. I Korintiërs 13:4-5.

Die liefde hou nie ‘n rekord van oortredings nie. Laat ons die rekordhouding van die verkeerde optredes van ander teenoor ons neerlê, en laat ons vergewe soos God vergewe.

*Adrian Ebens*

> “En hulle het ‘n verlamde man wat op ‘n bed lê, na Hom gebring. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy aan die verlamde: Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe. En sommige van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: Hierdie man praat godslasterlik. En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was, sê Hy: Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte? Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en loop? Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe—toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe. En hy het opgestaan en huis toe gegaan. En toe die skare dit sien, was hulle verwonderd en het God verheerlik wat so ‘n mag aan die mense gegee het.” Mathéús 9:2-8

Een van die mees algemene uitdrukkings wat gehoor word onder belydende christene wanneer hulle praat van godsdienstige aspekte, is: “Ek kan verstaan dat God sondes vergewe, maar dit is moeilik om te glo dat Hy my kan weerhou van sonde.” So iemand het baie om te leer van wat dit beteken as God sonde vergewe. Dit is waar dat mense wat so praat, wel ‘n mate van vrede ondervind in hul geloof dat God hul vergewe het en steeds hul sonde vergewe, maar omdat hulle nie die volle krag van vergifnis besef nie, weerhou hulle hulself van baie seën wat hulle kon geniet.

Hou die stelling in gedagte wat sê “hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” Hierdie woorde stel nie slegs die wonders voor ons nie. Die wetsgeleerdes het nie geglo dat Jesus sondes kon vergewe nie. Om aan hulle te wys dat Hy wel sondes kan vergewe, het Hy die verlamde man genees. **Hierdie wonderwerk is uitsluitlik gedoen met die oog op ‘n illustrasie van die werk van vergifnis; om die krag van vergifnis te toon.** Jesus se woorde aan die verlamde man, “Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe” is gesê sodat hulle en ons die krag van Sy vergifnis kan ken. Daarom is die krag wat toegepas is om die man te genees, ook die krag wat geskenk is om die man te vergewe.

**Let op dat Jesus se woorde steeds effek gehad het lank nadat dit gesê is. Dit het 'n verandering in die man gebring, en die verandering was permanent. So moet dit wees met die vergifnis van sonde**. *Die algemene opvatting is dat, wanneer God vergewe, daar 'n verandering gebring word in Hom, en nie in die mens nie. Daar word gemeen dat God uiteindelik ophou om iets teen die sondaar te hou. Maar dit beteken dat God 'n harde gesindheid teenoor die man gehad het, wat nie die geval is nie*. God is nie 'n mens nie; Hy koester nie vyandskap teenoor mense nie, en ook nie 'n gevoel van wraak nie. **Dit is nie omdat Hy wraakgedagtes in Sy hart teen sondaars koester dat Hy hulle vergewe nie, maar omdat die sondaar iets het in sy hart. God is heeltemal reg, en die sondaar heeltemal verkeerd. Daarom vergewe God die sondaar, sodat hy ook heeltemal reg kan kom.**

Toe Jesus, tydens die illustrasie van vergifnis van sonde, aan die man gesê het, "Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe" het die man gehoorsaam. **Die krag in Jesus se woorde het hom opgehef en hom genees.** Die krag het in hom gebly, en dit was in hierdie krag, wat aan hom gegee is toe sy verlamming genees is, waarin hy gewandel het in die tye daarna, natuurlik met die voorwaarde dat hy aanhou glo. Dit word deur die Psalmis uitgebeeld, wanneer hy sê, "Ek het die HERE lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak." Psalm 40:2,3.

**Daar is lewe in die woorde van God. Jesus sê, "Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe." Johannes 6:63. Die woorde wat in geloof ontvang word, bring die Gees en die lewe van God na die siel. Dus, as die berouvolle siel die woorde hoor, "Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe" en hy ontvang daardie woorde as lewende woorde van die lewende God, is hy 'n veranderde man, want 'n nuwe lewe het in hom begin. Dit is die krag van God se vergifnis, en dit alleen, sal hom weerhou van sonde. As hy aanhou sondig nadat hy vergifnis ontvang het, is dit omdat hy nie die volheid van die seën wat aan hom gegee is tydens die vergifnis van sonde verstaan nie.**

In hierdie storie het die man nuwe lewe ontvang. Sy verlamde toestand het sy natuurlike lewe laat wegsypel. Hy was gedeeltelik dood. Die woorde van Christus het aan hom nuwe lewe gegee. Maar hierdie nuwe lewe wat aan sy liggaam gegee is, en wat hom laat loop het, was ‘n uitbeelding, beide aan homself en aan die wetsgeleerdes, van die onsienlike lewe van God wat hy ontvang het in die woorde, “Jou sonde is vergewe” wat hom ‘n nuwe skepsel in Christus gemaak het.

Met hierdie eenvoudige en duidelike illustrasie aan ons voorgehou, kan ons sommige van die woorde van die apostel Paulus verstaan, wat “swaar is om te verstaan.” Lees eerstens Kolossense 1:12-14: “En die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig - Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.” Kyk ook na dieselfde stellings omtrent die verlossing deur die bloed van Christus, in 1 Petrus 1:18,19; Openbaring 5:9.

Let hier op na twee punte, ons het verlossing deur die bloed van Christus, en hierdie verlossing is die vergifnis van sonde. Die bloed is die lewe. Sien Génesis 9:4; Openbaring 17:13,14. Daarom sê Kolossense 1:14 in werklikheid dat ons verlossing deur Christus se lewe het. Leer die Skrif dan nie dat ons versoen is met God deur die dood van Sy Seun nie? Ja, dit is presies wat hier geleer word. Christus “wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid” – Titus 2:14. Hy “wat Homself gegee het vir ons sondes” Galásiërs 1:4. Deur Homself te gee, gee Hy Sy lewe. Deur sy bloed vir ons te stort, stort Hy sy lewe uit vir ons. Maar deur sy lewe te gee, gee Hy dit aan ons. Daardie lewe is geregtigheid, ook die volmaakte geregtigheid van God, sodat wanneer ons dit ontvang, “ons kan word geregtigheid van God in Hom.” As ons die lewe van Christus ontvang, as ons gedoop word in Sy dood, word ons met God versoen. Dan word ons “met die nuwe mens… beklee wat na God geskape is in ware geregtig-heid en heiligheid,” “na die beeld van sy Skepper” Efésiërs 4:24, Kolossense 3:10.

Nou kan ons Romeine 3:23-25 lees, en vind dat dit nie so moeilik is om te verstaan nie:

> “want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God.” Romeine 3:23-35

Almal het gesondig. Die hele lewe is sondig. Selfs die gedagtes is boos. Markus 7:21. Om vleeslike dinge te bedink, is die dood. Daarom is ‘n lewe van sonde ‘n lewende dood. As die siel nie vrygestel word hiervan nie, sal dit eindig in die ewige dood. Daar is gaan krag in die mens om geregtigheid te verkry in die heilige wet van God nie; daarom plaas God in sy genade sy eie geregtigheid op almal wat glo. Hy regverdig ons as ‘n gratis geskenk vanuit die rykdom van Sy genade. Hy doen dit deur sy woorde, want hy verklaar – spreek uit – sy geregtigheid oor almal wat geloof het in die bloed van Christus; in Hom is God se geregtigheid, want “in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.” In hierdie verklaring of uitspraak van geregtigheid van God oor ons, vind die verwydering van sonde plaas. So neem God die sondige lewe weg en plaas sy eie regverdige lewe in die plek daarvan. Dit is die krag van vergifnis van sonde. Dit is “die krag van die onvernietigbare lewe” (Hebreërs 7:16).

Dit is die begin van die Christelike lewe. Dit is om die lewe van God in geloof te ontvang. Hoe word dit voortgesit? Net soos dit begin het. “Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom.” Kol.2:6. Want “die regverdige sal uit die geloof lewe.” Die geheim van die Christelike lewe is om vas te hou aan die lewe wat aanvanklik ontvang is, wat sonde vergewe.

God vergewe sonde deur dit te verwyder. Hy regverdig die goddelose deur hom goddelik te maak. Hy herenig die rebelse sondaar met Homself deur sy rebellie weg te neem en deur hom ‘n toegewyde wetsgetroue onderdaan te maak.

Daar word somtyds gesê, “Maar dit is moeilik om te verstaan hoe ons die lewe van God kan hê; dit kan eintlik nie werklik wees nie, want ons verkry dit deur geloof.” Dit was deur geloof dat die arme verlamde man nuwe lewe en krag ontvang het; maar was sy krag enigsins minder werklik? Was dit nie ‘n werklikheid dat hy krag ontvang het nie? “Ek kan dit nie verstaan nie.” ? Natuurlik nie, want dit is ‘n uitbeelding van die “liefde van God wat die kennis oortref.” (Efésiërs 3:19). Nogtans glo ons dit, en ons besef die werklikheid daarvan, en dan verkry ons die ewige lewe, waartydens ons die wonder hiervan kan studeer. Die storie van die genesing van die verlamde man kan oor en oor gelees word en oordink word, totdat dit ‘n lewende werklikheid vir jou word; onthou dan:

> “hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” Johannes 20:31.